Opsomming: Traktement – 2015/2016

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

1. Traktement – 6% verhoging

2014/15		2015/16				
KERF	SALARIS P.J.	KERF	SALARIS P.J.	PER MAAND	%	%
1	191 400	1	202 800	16 900	6,0%	
2	201 600	2	213 600	17 800	6,0%	11,6%
3	211 800	3	224 400	18 700	5,9%	11,3%
4	222 000	4	235 200	19 600	5,9%	11,0%
5	232 200	5	246 000	20 500	5,9%	10,8%
6	243 000	6	256 800	21 400	5,7%	10,6%
7	253 800	7	268 800	22 400	5,9%	10,6%
8	264 600	8	280 200	23 350	5,9%	10,4%
9	276 000	9	292 200	24 350	5,9%	10,4%
		10	298 080	24 840		8,0%

Die risiko-salaris is dus **R345 524**. Dit word bereken deur die topskaal (R24 840) met 13 te vermenigvuldig en dan 7% (vir mediesefonds voorsiening) by te voeg.

2. Voertuig- en vervoertoelae – 3,3% verhoging – Lopende koste = R1,501 p/km

Aantal kilometers	Vastekoste	R1,501 / km	Totaal	Maandeliks
12 000 km	66 530	18 012	84 542	7 045
18 000 km	66 530	27 018	93 548	7 796
24 000 km	66 530	36 024	102 554	8 546

VERRE PLATTELAND – Lopende koste = R2,00 p/km

Aantal kilometers	Vastekoste	R2,000 / km	Totaal	Maandeliks
18 000 km	66 530	36 000	102 530	8 544

3. Reiskoste – rings- en sinodale vergaderings

Die reistoelaag vir die bywoon van vergaderings van die Ring en die Sinode is **R2,50** per kilometer vir ontvangers van ’n voertuig- en vervoertoelae. [Die Algemene Sinode se riglyn is streng volgens die SAID se riglyn en is dus net R1,50 per kilometer!] Persone wat nie self die vaste koste komponent ontvang nie, ontvang **R3,00** per kilometer.

4. Ander toelaes

Daar kan steeds oorweeg word om onthaal-, rekenaar-, boeke-, telefoon- en dergelike toelaes, wat betaal is om ander amptelike uitgawes te bestry, te vervang deur 'n stelsel waar amptelike uitgawes òf per faktuur deur die werknemer van die werkgewer teruggeëis word, òf direk deur die werkgewer vereffen word. Internet toegang word as ’n noodsaaklike deel van ’n leraar se “gereedskap”, beskou.

5. Werkloosheidsversekering

Sowel die werkgewer, as die werknemer, betaal elk maandeliks 1% van die bruto besoldiging as werkloosheidsversekering aan die SAID. Die bydrae word vanaf 1 Oktober 2012 beperk tot ’n maksimum van **R148,72** vir die werkgewer en die werknemer per maand (dus **R297,44** per maand in totaal). Die maksimum salaris is dus R178 464,00 per jaar (R14 872,00 per maand).